"At the base centres customers will be able to view all the models, service their scooters and take them for a spin.

"We will also have something called Vespa Corner, where we will associate ourselves with chains, such as the Brazilian Coffee Shop, that typify our lifestyle brand and where we will have Vespas on display.

"It provides more exposure and is a marketing tool for us."

Muscolino said the organisation had 18 employees. Expansion would be achieved through franchising, which would be launched once the company had been trading for six months. Franchisees would ideally be recruited from within the company.

"They will be allowed to build and run their own stores according to our and international specifications, but we will be very selective," he said.

"The brand we are selling is a lifestyle product and can be damaged in two seconds."

Muscolino added that Vespas had previously been available in South Africa through a sort of "side-street operation", importing only a few units a year.

File no 82-4102

RICHEMONT

TUSSENTYDSE RESULTATE

Kommentaar

Mnr Johann Rupert, uitvoerende voorsitter, het in sy kommentaar op die resultate gesê:

"Richemont se resultate vir die eerste ses maande van hierdie finansiële jaar stem ooreen met ons verwagtinge. Die verlangsaming in verkope – veral in Europa – tesame met die verstewiging van die euro teenoor sowel die dollar as die jen, het bygedra tot die daling in bedryfswins vir die tydperk.

Verkope in euro gedurende September en Oktober het beskeie groei getoon, vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar. Dit is egter onseker of dit 'n werklike toename in die vraag verteenwoordig, omdat dit teen die agtergrond van die uiters bedrukte verkoopspeile gedurende September en Oktober 2001 gesien moet word.

Ek wil beklemtoon dat ons die vooruitsig vir die res van die huidige finansiële jaar steeds met die uiterste omsigtigheid bejeën. Ons leef in 'n tydperk van slepende onsekerheid wat wêreldgebeure betref. Hoewel ek sou verwag dat die daling in bedryfswins vir die hele jaar minder behoort te wees as dié wat in die eerste sesmaande-tydperk ondervind is, berus dié siening natuurlik op die veronderstelling dat die marksentiment nie weens gebeure buite ons beheer verder sal versleg nie."

Sake-oorsig

Verkope en bedryfswins

Gedurende die tydperk onder oorsig is die Groep se resultate deur die voorgesette swakheid van die ekonomiese omgewing oor die algemeen, en die daling in toerisme in die besonder, beïnvloed. Hierbenewens het die appresiasie van die euro in die eerste ses maande van die finansiële jaar 'n neerdrukkende uitwerking op gerapporteerde verkope vir die tydperk gehad en dit het 'n daling van 3 persent vergeleke met die vorige jaar getoon. Teen konstante wisselkoerse het verkope egter met 1 persent toegeneem.

	Sept. 2002 € m	Sept. 2001 € m	
Verkope	1 784	1 836	-3%
Koste van verkope	(635)	(644)	
Bruto marge	1 149	1 192	-4%
Netto bedryfsuitgawes	(964)	(939)	+3%
Bedryfswins	185	253	-27%

Die daling in verkope, tesame met 'n effense verswakking in die brutomarge-persentasie as gevolg van die sterk Switserse frank, het tot 'n daling van 4 persent in bruto marge vir die tydperk gelei.

Bedryfsuitgawes het 'n toename van 3 persent getoon. Dit weerspieël die bestuur se verbintenis om die groeikoers van bedryfskoste te beperk. Dié groei spruit voort uit verdere uitbreiding van die Groep se kleinhandelsnetwerk, tesame met investerings in die ontwikkeling van verspreidingskapasiteit en

Richemont, die Switserse luuksegoedere-groep, kondig sy ongeouditeerde resultate vir die sesmaande-tydperk geëindig 30 September 2002 aan.

	Sept. 2002	Sept. 2001	
Verkope	€ 1 784 m	€ 1 836 m	- 3%
Bedryfswins	€ 185 m	€ 253 m	-27%
Toeskryfbare wins			
– moedermaatskappy en filiale	€ 134 m	€ 165 m	-19%
– belang in geassosieerde maatskappye	€ 270 m	€ 260 m	+ 4%
– die Groep	€ 404 m	€ 425 m	- 5%
Verdienste per eenheid – ten volle verwaterde grondslag	€ 0.716	€ 0.754	- 5%

Bostaande finansiële resultate sluit nie die uitwerking van uitsonderlike items wat geassosieerde maatskappye gerapporteer het en die amortisasie van klandisiewaarde in die twee tydperke in nie.

- Verkope vir die eerste ses maande het met 3 persent na €1 784 miljoen gedaal. Wanneer die ongunstige uitwerking van wisselkoersbewegings buite rekening gelaat word, het verkope egter met 1 persent toegeneem.
- Juwelierswareverkope, hoofsaaklik deur middel van Cartier en Van Cleef & Arpels, het met 1 persent in die tydperk gegroei, terwyl horlosieverkope 'n daling van 3 persent gerapporteer het.
- Verkope in Europa het met 4 persent gedaal, wat bedrukte marktoestande en die afname in toeristeverkeer in die streek weerspieël. Verkope in Asië het met 3 persent gedaal. Teen vergelykbare wisselkoerse het verkope in Japan egter met 5 persent gegroei; verkope in die res van die Asiatiese streek het teen 'n soortgelyke koers gegroei. In die Amerikas het verkope met 10 persent in dollarterme toegeneem, met goeie vertonings deur Cartier en Montblanc; by omrekening na euro het verkope in die streek egter met 2 persent gegroei.
- Die daling in verkope in euroterme, tesame met 'n effense verswakking in die brutomarge-persentasie en 'n toename van 3 persent in bedryfsuitgawes, het tot 'n totale daling in bedryfswins van 27 persent gelei.
- Die Groep se ekwiteitsverantwoorde belang in British American Tobacco het €270 miljoen bedra, 'n toename van 4 persent vergeleke met die vorige jaar.
- Verdienste per eenheid vir die tydperk op 'n ten volle verwaterde grondslag het met 5 persent van €0.754 na €0.716 gedaal.

Verkope volgens verspreidingskanaal

	Sept. 2002 € m	Sept. 2001 € m	
Kleinhandelsverkope	711	722	-2%
Groothandelsverkope	1 073	1 114	-4%
	1 784	1 836	-3%

British American Tobacco het goed presteer in die negemaande-tydperk tot einde September en aangepaste verwaterde verdienste per aandeel het met 8 persent van 45.80 pennies tot 49.47 pennies toegeneem. Verkoopsvolumes vir die tydperk het 579.3 miljard sigarette in totaal behels en British American Tobacco se vier wêreldhandelsmerke, Lucky Strike, Kent, Dunhill en Pall Mall, het groei in verkope van 9 persent behaal.

'n Toename van 4 persent tot £769 miljoen wins word getoon vir die streek Amerika-Stille Oseaan vir die negemaande-tydperk. Die maatskappy se werksaamhede in die Verenigde State het hulle markaandeel en wins vergroot en sterk volumetoenames in Suid-Korea het meer as vergoed vir die laer volumes in Kanada. Die totale streeksvolume was 2 persent hoër op 80 miljard sigarette.

In Europa is 'n winstoename van 6 persent tot £412 miljoen behaal as gevolg van stewige prestasies in Duitsland, Rusland, Oekraïne, Frankryk en Switserland, met volumes wat ongeveer dieselfde as die vorige jaar was.

In die streek Asië-Stille Oseaan was die wins 5 persent laer, hoofsaaklik as gevolg van opvallend laer belastingvrye verkoopsvolumes terwyl die skerp devaluasie van die Suid-Afrikaanse rand, die koste wat met die vestiging van die nuwe werksaamheid in Turkye aangegaan is en laer belastingvrye verkope tot 'n afname in wins van 18 persent na £45 miljoen in die streek Afrika en Midde-Ooste bygedra het.

British American Tobacco se besighede in Latyns-Amerika het goed gepresteer in besonder moeilike ekonomiese omstandighede en 'n daling in wins van 4 persent opgeteken ten spyte van geldeenheiddevaluasies in baie lande en 'n daling in volume van 6 persent.

Gekonsolideerde kontantvloeistaat

	Sept. 2002 € m	Sept. 2001 € m
Bedryfswins	185	253
Depresiasie en ander nie-kontantitems	74	91
Toename in bedryfskapitaal	(160)	(378)
Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	99	(34)
Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappy	258	228
Opbrengste op beleggings en finansieringskostes	(16)	(24)
Belasting betaal	(56)	(117)
Netto verkrygings van tasbare vaste bates	(66)	(147)
Terugkoop van Richemont-eenhede	(31)	-
Ander verkrygings en beleggings	(16)	(154)
Netto kontantinvloei/(uitvloei) voor finansieringsaktiwiteite	172	(248)
Terugbetaling van langtermynlenings	(164)	(69)
Dividende betaal	(178)	-
Ander finansieringsaktiwiteite	18	-
Ekwiteitsbydrae deur minderheid	-	20
Wisselkoersuitwerking	54	23

Afname in kontant, kontantekwivalente

File no 82-4102

naverkoopsdienssentrums, veral ten opsigte van Jaeger-LeCoultre, IWC en A. Lange & Söhne, in verskeie gebiede.

Die daling in verkope en brutomarge-persentasie vir die tydperk, tesame met die toename in bedryfsuitgawes, het tot 'n afname van 27 persent in bedryfswins gelei.

Verkope volgens produkreeks

	Sept. 2002 € m	Sept. 2001 € m	
Juweliersware	397	394	+ 1%
Horlosies	847	877	– 3%
Skryfinstrumente	130	129	+ 1%
Leergoedere	125	138	– 9%
Klerasie en ander	285	298	– 4%
	1 784	1 836	– 3%

Juwelierswareverkope het steeds baat gevind by die vraag na die juwelierswareversamelings van Cartier, Van Cleef & Arpels en Piaget. Veral Van Cleef & Arpels het uitstekende groei in verkope in die tydperk gerapporteer, alhoewel dit vanaf 'n betreklik lae basis behaal is. Horlosieverkope het met 3 persent vir die tydperk gedaal. Verkope van staal- en staal-en-goud-horlosies het oor die algemeen beter as edelmetaal- en juwelierswarehorlosies gepresteer. Mansklerasieverkope het baat gevind by goeie verkope in die seisoensversamelings van Dunhill en Hackett. Chloé het ook goed gepresteer gedurende die tydperk. Dalings in die reukwater- en brilprodukkategorieë, hoofsaaklik toeskryfbaar aan die afswaai in reisverwante besigheid, het oor die algemeen 'n negatiewe uitwerking op die "klerasie en ander"-kategorie gehad.

Verkope volgens streek

	Sept. 2002 € m	Sept. 2001 € m	
Europa	779	815	– 4%
Asië	667	688	– 3%
Japan	326	337	– 3%
Asië-Stille Oseaan	341	351	– 3%
Amerikas	338	333	+ 2%
	1 784	1 836	– 3%

Bedrukte marktoestande en 'n afname in toerisme in Europa het 'n negatiewe uitwerking op die Groep se verkope in die streek gehad en dit het met 4 persent vergeleke met die vorige jaar gedaal.

Verkope in Asië het met 3 persent gedaal. Teen vergelykbare wisselkoerse het verkope in Japan egter met 5 persent gegroei; verkope in die res van die Asiatiese streek het teen 'n soortgelyke koers gegroei.

In die Amerikas het verkope met 10 persent in dollarterme toegeneem, met goeie vertonings deur Cartier en Montblanc; by omrekening na euro het verkope in die streek egter met 2 persent gegroei.

Kleinhandelsverkope het 'n daling van 2 persent vergeleke met die vorige jaar getoon, terwyl groothandelsverkope 'n daling van 4 persent gerapporteer het. Die persentasie van kleinhandelsverkope tot totale verkope het effens toegeneem, van 39.3 persent tot 39.9 persent, wat verdere investering in die Groep se kleinhandelsinfrastruktuur weerspieël. Op 30 September 2002 het die Groep ongeveer 540 winkels wat deur hom besit word bedryf en 'n verdere 344 winkels is deur eksterne vennote bedryf.

Gekonsolideerde wins-en-verliesrekening

Die opgesomde wins-en-verliesrekening sowel as die inligting oor verdienste per eenheid wat hieronder uiteengesit word, word op 'n aangepaste grondslag aangebied, wat nie die uitwerking van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items in die resultate van die twee tydperke insluit nie. 'n Rekonsiliasie van die wins-en-verliesrekening op dié grondslag met die resultate op 'n gerapporteerde grondslag word as 'n aanhangsel by hierdie aankondiging aangebied.

	Sept. 2002 € m	Sept. 2001 € m
Bedryfswins	185	253
Netto beleggingsuitgawe	(16)	(26)
Wins voor belasting	169	227
Belasting	(37)	(65)
Wins na belasting	132	162
Minderheidsbelange	2	3
Toeskryfbare wins van die moedermaatskappy en sy filiale	134	165
Belang in toeskryfbare wins van geassosieerde maatskappy		
– British American Tobacco	270	260
Toeskryfbare wins van die Groep	404	425
Verdienste per eenheid – basies	€0.725	€0.761
Verdienste per eenheid – ten volle verwater	€0.716	€0.754

Verdienste per eenheid

Basiese verdienste per eenheid word bereken met verwysing na die geweegde gemiddelde getal uitstaande eenhede gedurende die tydperk van 556.9 miljoen eenhede (2001: 558.2 miljoen eenhede) en die toeskryfbare wins van die Groep op 'n aangepaste grondslag van €404 miljoen (2001: €425 miljoen) vir die tydperk. Die getal uitstaande eenhede hou rekening met die uitwerking van die Groep se eenheidterugkoopprogram.

Ten volle verwaterde verdienste per eenheid word bereken met verwysing na 574.2 miljoen uitstaande eenhede (2001: 574.2 miljoen eenhede) en toeskryfbare wins op 'n aangepaste grondslag vir die tydperk van €411 miljoen (2001: €433 miljoen). Dit weerspieël die veronderstelde bykomende belang van €7 miljoen (2001: €8 miljoen) wat aan die maatskappy sou toegeval het indien die volle getal eenhede gedurende die tydperk uitstaande was.

Geassosieerde maatskappy – British American Tobacco

Die Groep se belang van 21 persent in British American Tobacco het met 4 persent tot €270 miljoen vir die sesmaande-tydperk geëindig 30 September 2002 toegeneem.

Gedurende die sesmaandetydperk onder oorsig het Richemont dividende van €258 miljoen vanaf British American Tobacco ontvang. Dit het die einddividend ten opsigte van British American Tobacco se finansiële jaar geëindig 31 Desember 2001, sowel as die tussentydse dividend vir 2002 wat gedurende September ontvang is, ingesluit.

Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	(723)	(375)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	(821)	(649)

Die netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite gedurende die tydperk het €99 miljoen bedra en die kontantvloei uit bedrywighede is deels deur 'n toename in bedryfskapitaal geneutraliseer.

Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappy weerspieël die dividende wat van British American Tobacco ontvang is, naamlik die einddividend ten opsigte van British American Tobacco se finansiële jaar geëindig 31 Desember 2001 en die tussentydse dividend ten opsigte van die 2002 finansiële jaar.

Ingevolge die Groep se eenheidterugkoopprogram is 'n verdere 1.6 miljoen eenhede gedurende die tydperk teen 'n totale koste van €31 miljoen verkry.

Dividende betaal verteenwoordig die Groep se aanwending van verdienste vir die jaar geëindig 31 Maart 2002, wat op 30 September 2002 betaal is. In die vorige finansiële jaar is die dividend eers in Oktober betaal.

Gekonsolideerde balansstaat

	30 Sept. 2002 € m	31 Mrt. 2002 € m	30 Sept. 2001 € m
Vaste bates			
Eiendom, aanleg en toerusting	856	903	779
Beleggings in geassosieerde maatskappye	736	638	616
Ander beleggings	442	470	419
	2 034	2 011	1 814
Netto bedryfskapitaal	1 952	1 956	1 589
Netto bedryfsbates	3 986	3 967	3 403
Klandisiewaarde	5 570	5 730	5 910
Netto lenings	(1 401)	(1 456)	(1 255)
Kontant, kontantekwivalente en korttermynlenings	(821)	(723)	(649)
Langtermynlenings	(580)	(733)	(606)
Ander langtermynlaste	(184)	(176)	(158)
	7 971	8 065	7 900
Kapitaal aangewend			
Eenheidhouersfondse	7 893	7 983	7 810
Minderheidsbelange	78	82	90
	7 971	8 065	7 900

Die toename in beleggings in geassosieerde maatskappye sedert 31 Maart 2002 verteenwoordig die beweging in die Groep se aandeel van die netto tasbare bates van British American Tobacco.

Die drawaarde van klandisiewaarde het gedurende die tydperk as gevolg van die amortisasiekoste gedaal.

vervolg

UASA se hare op Solidariteit se tande

ARBEIDSAKE

JAN DE LANGE

Hond eet hond in die staal- en ingenieursbedryf.

Vakbonde in dié bedryf is in 'n genadelose stryd gewikkel om lede te werf en haastige samesmeltings saam te flans ten einde te verhinder dat hul verteenwoordiging in die land se grootste bedingingsraad met 240 000 werkers tot niet gaan.

Die vrugbaarste werwingsgrond is Denel, wat met sy korporatisering enkele jare gelede genoodsaak was om deel te word van die bedingingsraad en waar klein personeelverenigings soos paddastoele in vakbonde omgeskakel het. Sowat 40% van Denel se werkers is egter nie vakbondlede nie.

Mnr. Koos Bezuidenhout, hoofsekretaris van die United Association of South Africa (UASA), het gister gewaarsku dat "onrus" by Denel dreig oor vakbonde wat werkers mislei.

"Sekere vakbonde probeer om beheer te kry oor werkers se geld terwyl hulle nie eens aan die vakbonde behoort nie," het Bezuidenhout, wat ook adjunkpresident van Fedusa is, gesê.

Fedusa voer al lank 'n onverdraagsame veldtog teen die MWU Solidariteit, veral van UASA se kant, omdat dié twee mededingers in die mynbedryf is. MWU Solidariteit se verlede as 'n bastion van regse politiek is in dié stryd 'n nuttige stok wat UASA en ander Fedusa-vakbonde maklik optel wanneer hulle iets nodig het om Solidariteit by te kom.

UASA en Fedusa skroom ook nie om bewerings van rassisme op Solidariteit se brood te smeer nie, veral wanneer Solidariteit dit waag om teen sommige aspekte van regstellende aksie beswaar te maak.

Bezuidenhout voer nou aan dat UASA die grootste vakbond in Denel is nadat vyf van die sewe vakbonde in die wapengroep glo onlangs met UASA saamgesmelt het. Hy maak daarop aanspraak dat 45% van Denel se personeel aan UASA "behoort".

Samesmelting is 'n omslagtige proses wat 'n jaar of langer kan duur. 'n Werklike samesmelting vereis dat albei vakbonde ontbind, 'n nuwe, gesamentlike grondwet geskryf word en hulle dan as 'n enkele nuwe vakbond by die departement van arbeid registreer.

As hierdie prosedures nie gevolg word nie, kan die kollektiewe ooreenkomste van een vakbond nie na die ander vakbond oorgedra word nie. Die samesmelting sal dus geen waarde hê as dit nie formeel volgens die voorgeskrewe prosedures gedoen word nie.

Dit beteken dat UASA in hierdie stadium waarskynlik geen enkele werker in Denel verteenwoordig nie.

En nog 'n interessante feit is dat heeltydse amptenare van dieselfde vyf vakbonde wat glo met UASA "saamgesmelt" het, gister met verteenwoordigers van Solidariteit samesprekings gevoer het, onder meer oor samesmelting.

Indien dié vyf nie met Solidariteit of die National Union of Metalworkers of South Africa (Numsa) saamsmelt nie, gaan hul lede dubbele ledegeld betaal van die dag waarop die agentskapsooreenkoms in werking tree. Dit sal vroeg aanstaande jaar gebeur.

Die vyf vakbonde verteenwoordig saam maar sowat 1 700 van die totale werkmag van rondom 6 000 werkers by Denel. Dis 'n hele entjie weg van die 5 000 wat hulle nodig het om tot 'n party in die staal- en ingenieursbedryf toegelaat te word.

Hulle is streng gesproke nie werklik vakbonde nie, want hulle het geen lede buite die Denel-groep nie.

Eintlik was hulle vroeër losse personeelverenigings wat ontstaan het toe vakbonde in strategiese bedrywe soos die wapenbedryf taboe was. Werkgewers in Denel het hulle goedgunstiglik toegelaat, maar toe werkerregte uiteindelik ná 1994 in sulke bedrywe erken is, het hulle hul as klein vakbonde laat registreer.

Daar is ook twee klein chemiese vakbonde, Somchem en CIWU, in Denel, wat tot dié groep beperk is, maar hulle kwalifiseer glad nie om by die staal- en ingenieursbedryf in te skakel nie. Hulle sal waarskynlik mettertyd by die bedingingsraad vir die chemiese bedryf inskakel en aan die reëls en diensvoorwaardes vir dié bedryf onderworpe wees. *Solidariteit* en Numsa is die twee grootste vakbonde in Denel.

Numsa verteenwoordig 1 900 of 22% van die Denel se personeel en Solidariteit 1 800 of 21%.

Dis op maatskappyvlak, maar op bedryfsvlak verteenwoordig Solidariteit reeds 15% van die 240 000 werkers in die staal- en ingenieursbedryf.

Sowat 40% van die wapenreus se werknemers is glad nie lede van vakbonde nie, maar hulle sal ook van aanstaande jaar 1% van hul lone moet afstaan vir vakbondgeld.

Dit sal waarskynlik in Numsa en Solidariteit se sakke beland. Die kans is dus goed dat hulle in elke geval lede van een van dié twee vakbonde sal word.

Solidariteit lyk dus na die hond wat met hare op sy tande van dié geveg gaan wegstap.

File no 82-4102

Wins voor netto beleggingsinkomste / (uitgawe) en belasting		89	162
Netto beleggingsuitgawe		(16)	(26)
Wins voor belasting		73	136
Belasting		(37)	(65)
Wins na belasting		36	71
Minderheidsbelange		1	2
Toeskryfbare wins van die moedermaatskappy en sy filiale		37	73
Belang in toeskryfbare wins van geassosieerde maatskappy		171	142
Belang in toeskryfbare wins op 'n aangepaste grondslag		270	260
Amortisasie van klandisiewaarde ten opsigte van geassosieerde maatskappy		(99)	(100)
Belang in uitsonderlike items deur geassosieerde maatskappy gerapporteer		–	(18)
Toeskryfbare wins van die Groep op 'n gerapporteerde grondslag	2	208	215
Hier volg 'n samevatting van die uitwerking van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items op wins toeskryfbaar aan eenheidhouers:			
Toeskryfbare wins van die Groep op 'n gerapporteerde grondslag		208	215
Uitskakeling van amortisasie van klandisiewaarde	1	196	192
Deur die moedermaatskappy en sy filiale gerapporteer		96	91
Ten opsigte van geassosieerde maatskappy		99	100
Minderheidsbelange		1	1
Uitskakeling van uitsonderlike items deur geassosieerde maatskappy gerapporteer		–	18
Toeskryfbare wins van die Groep op 'n aangepaste grondslag		404	425

Aantekening 1 – Amortisasie van klandisiewaarde

Die gerapporteerde resultate weerspieël die Groep se rekeningkundige beleid om klandisiewaarde deur middel van die gekonsolideerde wins-en-verliesrekening te amortiseer. Die koste van die amortisasie van klandisiewaarde op die vlak van voorbelastingwins vir die jaar geëindig 30 September 2002 was €96 miljoen. 'n Bykomende koste vir amortisasie van klandisiewaarde van €99 miljoen ontstaan ten opsigte van die Groep se belang in British AmericanTobacco. Die amortisasie van klandisiewaarde met betrekking tot minderheidsbelange is ten opsigte van klandisiewaarde wat by die verkryging van Van Cleef & Arpels ontstaan het.

Aangesien Suid-Afrikaanse beleggers in Richemont se resultate belang stel, word die vernaamste syfers uit die resultate van albei jare hieronder in rand uitgedruk. Die gemiddelde heersende euro/randwisselkoers gedurende die ses maande geëindig 30 September 2002 was 9.9300, vergeleke met 'n koers van 7.2512 gedurende die vorige jaar.

	Sept. 2002 Rand m	Sept. 2001 Rand m	
Verkope	17 715	13 313	+ 33%
Bedryfswins	1 837	1 835	
Toeskryfbare wins			
– moedermaatskappy en filiale	1 331	1 196	+ 11%
– belang in geassosieerde maatskappye	2 681	1 885	+ 42%
– die Groep	4 012	3 082	+ 30%
Verdienste per depositobewys, sent (ten volle verwaterde grondslag)	71.1	54.7	+ 30%

Richemont Securities AG-depositobewyse word onderworpe aan die bepalings van die Deposito-ooreenkoms gedateer 25 Augustus 1988, soos op 18 Desember 1992 en 28 September 2001 gewysig, uitgereik en deurdat hulle depositobewyse hou, erken beleggers dat hulle deur die bepalings van die Deposito-ooreenkoms gebind word. Beleggers kan afskrifte van die Deposito-ooreenkoms van Richemont Securities AG of Computershare Services Beperk verkry.

Afskrifte van die Richemont tussentydse resultate sal in middel-Julie beskikbaar wees by:
Rand Aksepbank, Hoek van Fredmanrylaan en Rivoniaweg, Sandton, 2196.
Telefoon: (011) 282 8229
Telefaks: (011) 282 8215 en vanaf Richemont se webblad by www.richemont.com

Richemont Securities AG
Zug, 14 November 2002

Aandelekode: RCH
ISIN: CH0013157380

FCB JoniSSons

SAID gaan dienshandves uitreik

Hugo Pienaar

Kaapstad. – In 'n poging om die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) en belastingbetalers te verbeter, het die SAID gister 'n konsep-dienshandves vir belastingbetalers aangekondig.

Mnr. Pravin Gordhan, kommissaris van die SAID, het die handves bekend gestel by 'n byeenkoms van die Kaapstadse Persklub, waar hy die genooide spreker was. Die handves is een van vier nuwe inisiatiewe van die SAID met die doelwit om die SAID se diens aan belastingbetalers te verbeter.

Die handves het ten doel om die verpligtings en regte van belastingbetalers uit te stippel. Dit is 'n gespreksdokument en die publiek kan daarop kommentaar lewer. Die SAID meen die handves sal die organisasie in ooreenstemming bring met sy eweknieë van lande soos Australië, Brittanje en Nieu-Seeland.

In die handves beloof die SAID onder meer om 'n diens van hoogstaande gehalte aan die publiek te lewer, regverdig en deursigtig te wees en om te alle tye belastingbetalers se konstitusionele verskanste regte te beskerm.

Van die belastingbetaler word akkurate en tydige inligting oor sy of haar belastingverpligtings verwag. Gordhan het gesê 'n belangrike rede vir vanjaar se belastingverligting is beter invordering deur die SAID.

"Indien almal hul regmatige deel bydra, kan die voordele in die vorm van laer belasting gepluk word," het hy gesê.

Gordhan is positief dat die SAID in die lopende boekjaar aan mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, se verwagtings van 'n oorskot van staatsinkomste van R8,1 miljard sal voldoen.

"Dit kan aan die tesourie die beweegruimte vir verdere belastingverligting verleen."

Die ander inisiatiewe sluit 'n nuwe proses vir die oplossing van dispute in en 'n onafhanklike kantoor wat verantwoordelik sal wees vir die kontrolering van die SAID se diensvlakke. "Die Randse Afrikaanse Universiteit help met dié funksie (kontrolering). Dit is 'n meganisme vir ons om te sien waar ons verkeerd gaan," het Gordhan gesê.

Die oplossing van dispute is gemik op dispute wat ontstaan weens verskillende vertolkings van die belastingreëls. Die laaste inisiatief sal binnekort bekend gestel word en behels die stigting van 'n eenheid in die SAID wat op streekvlak dit vir die publiek makliker gaan maak om hul belastinglas te dra.

Netcare kry inspuiting uit verkrygings

Mathabo le Roux

Die gesondheidsdiensgroep Netcare het sy wesensverdienste per aandeel in die jaar tot einde September met 39,5% verhoog tot 36,7 sent.

Die netto wins vir die jaar is 59,1% hoër op R507,8 miljoen.

Die groep se inkomste in die 12 maande is 30,5% hoër as in die vorige boekjaar op R4,8 miljard en die verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (Ebitda) is met 36,1% verhoog tot R942,9 miljoen.

Netcare, wat in die afgelope paar jaar sy belange in die mediese bedryf aggressief uitgebrei het, slaan nou munt uit sy verkrygings.

"Ons het ons suksesvol onderskei en ons markaandeel sterk uitgebrei met ons strategie om te belê in sleutelkomponente van die gesondheidsdiens-waardeketting, wat ons kernbesigheid in die hospitaalbedryf ondersteun," het dr. Jackie Shevel, Netcare se uitvoerende hoof, gesê.

Goeie resultate word gewoonlik in die gesondheidsbedryf gelewer in die tweede helfte van die jaar, met 'n natuurlike toename in die gebruik van gesondheidsdienste in die winter, en Shevel het goeie resultate voorspel toe hy die vorige kwartaal se resultate in Mei bekend gemaak het.

Netcare het vanjaar verdere beleggings gedoen. Sy oorname van Clinics Holdings is gekonsolideer met die verkryging van al die minderheidsaandele van Clinics in ruil vir die uitreiking van 98,5 miljoen Netcare-aandele.

Die groep het die Margate-hospitaal verkry, asook 'n minderheidsbelang in Traumanet (Netcare 911) en Netair, die mediese lugdiens.

Daar is 'n groot vraag in naburige lande na nooddienste en daarom beplan die groep om Netcare 911 uit te brei tot 'n oorgrensdiens in Mosambiek, Swaziland, Botswana en Namibië.

Die nie-hospitaal-belange van die groep het ook goed gevaar.

Trauma Link het sy inkomste meer as verdubbel tot R163 miljoen teenoor R73,2 miljoen verlede jaar; die nasionale niereenheid se inkomste is verhoog met 21%; en 'n nuwe sakeplan het gesorg dat die gesondheidsorggroep Medicross 'n wins van R32,5 miljoen gelewer het nadat dit vir 11 jaar teen 'n verlies bedryf is.

Netcare het Medicross in Mei verlede jaar oorgeneem.

Die internasionale belange van die groep het 'n stewige hupstoot gekry met twee hospitaalbestuurskontrakte ter waarde van $3,5 miljoen in die Midde-Ooste.

Netcare sal die Al Hasa-hospitaal in Saoedi-Arabië en die Bahrein-spesialishospitaal vir onderskeidelik twee en vyf jaar bedryf. Belange by dié twee hospitale het in die afgelope jaar 'n inkomste van sowat R7 miljoen ingebring.

Die groep probeer ook om 'n voet in die deur te kry om dienste te lewer in die Brittanje en verskeie moontlikhede word ondersoek. 'n Kontrak om 800 katarak-operasies in Brittanje uit te voer, is verkry.

Netcare het dit ook reggekry om sy skuldlas te verminder ondanks sy verkrygings en kapitaalbeleggings, en het sy verhouding van skuld tot aandeelhouersgeld van 28,9% verlede jaar verminder tot 25,9% vanjaar.

Shevel het die groep se sukses toegeskryf aan uitstekende diens. Volgens die dienslewe-ringsbarometer het pasiënte se tevredenheidsvlak van 86% tot 93% gestyg.